Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REGULATION GAZETTE No. 2215

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

PRICE 20c PRYS
OVERSEAS 30c OORSEE
POST FREE — POSVRY

REGULASIEKOERANT No. 2215

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 124] PRETORIA, 17 OCTOBER 1975 / 17 OKTOBER 1975 [No. 4874

## WARRANT

BY THE STATE PRESIDENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA CONCERNING THE INSTITUTION OF THE "SADF CHAMPION SHOT MEDAL"

To all to whom these presents may come:

*Greetings !*

Whereas the "Commandant General's Medal" was instituted by a warrant, dated the 20th day of January 1965, to encourage skill at arms and proficiency in musketry among officers and other ranks of the South African Defence Force, the Reserve of Officers, the Permanent Force Reserve and the Citizen Force Reserve and to provide for suitable recognition of the achievement of each person who distinguishes himself from time to time as champion shot;

And whereas I am desirous that the award of the aforementioned medal shall cease with effect from the 1st day of October 1975, which I hereby ordain in terms of section 136 (1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957);

And whereas I am desirous of affording recognition to officers, warrant officers, non-commissioned officers and privates of the South African Defence Force who have by means of skill at arms and proficiency in musketry distinguished themselves as champion shots of the South African Defence Force;

Now therefore in terms of section 136 (1) of the Defence Act, 1957 (Act 44 of 1957), I do hereby for that purpose institute a medal with effect from the 1st day of October 1975, which shall be known as the "SADF Champion Shot Medal", and ordain that the Rules embodied in the Schedule hereto, and the Regulations made by me in terms of section 136 (3) of the said Act shall govern the award of the medal.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this First day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

P. W. BOTHA.

## BEVELSKRIF

VAN DIE STAATSPRESIDENT VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA BETREFFENDE DIE INSTELLING VAN DIE "SAW-KAMPIOENSKUT-MEDALJE"

Aan almal wat hiervan kennis mag neem:

*Saluut!*

Nademaal die "Kommandant-generaalsmedalje" by 'n Bevelskrif gelateer die 20ste dag van Januarie 1965 ingestel is om wapenbehendigheid en bedrewenheid in die skietkuns by offisiere en manskappe van die Suid-Afrikaanse Weermag, die Reserwe van Offisiere, die Staandemagreserwe en die Burgermagreserwe aan te moedig en om op gepaste wyse erkenning te verleen aan die prestasie van elkeen wat hom van tyd tot tyd as kampioenskut onderskei;

En nademaal ek begerig is dat die toekenning van voornoemde medalje met ingang van die 1ste dag van Oktober 1975 gestaak moet word, wat ek hierby kragtens artikel 136 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), verorden;

En nademaal ek begerig is om erkenning te verleen aan offisiere, adjudant-offisiere, onderoffisiere en weermanne van die Suid-Afrikaanse Weermag wat hulle deur wapenbehendigheid en bedrewenheid in die skietkuns onderskei het as kampioenskuts van die Suid-Afrikaanse Weermag;

So is dit dat ek, kragtens artikel 136 (1) van die Verdedigingswet, 1957 (Wet 44 van 1957), hierby vir daardie doel met ingang van die 1ste dag van Oktober 1975 'n medalje instel wat bekend sal staan as die "SAW-kampioenskutmedalje" en verorden dat die Reëls in die Bylae hiertoe beliggaam tesame met die Regulasies wat kragtens artikel 136 (3) van bedoelde Wet deur my gemaak word, vir die toekenning van die medalje sal geld.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Eerste dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

P. W. BOTHA.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



SCHEDULE

RULES CONCERNING THE AWARD OF THE "SADF CHAMPION SHOT MEDAL"

DESIGN AND WEARING OF MEDAL

RULE 1

The SADF Champion Shot Medal shall be struck in silver in the form of a five pointed castle framed by a circular wreath of protea leaves and flowers with a diameter of 38 millimeters, all in silver, the obverse bearing a circle with a diameter of 30 millimeters, therein two rifles crossed over a circular target against a background of a range with four targets at the foot of a hill and thereunder the words "SADF Champion Shot Medal—SAW-kampioenskutmedalje" all in relief. The reverse bearing in relief the embellished Coat of Arms of the Republic of South Africa.

RULE 2

The clasp which may be awarded in terms of regulation 1 (3), shall be struck in silver 32 millimetres in length and 6 millimetres in width with a circular silver button in the centre inscribed with the year of award of the clasp;

RULE 3

The medal shall be worn on the left hand side of the breast, pendent from a silver clasp of protea leaves affixed to an orange silk ribbon 32 millimetres in width edged by two vertical sky blue stripes each 6,4 millimetres in width, with a vertical dark blue stripe 6,4 millimetres in width in the centre.

RULE 4

The clasp shall be worn horizontally on the ribbon and when the ribbon is worn alone a circular silver button inscribed with the year of award shall be affixed to the centre thereof to denote the award of the clasp.

RULE 5

The warrant dated the 20th day of January 1965, relating to the "Commandant General's Medal" is hereby abrogated without prejudice to anything lawfully done thereunder.

BYLAE

REËLS BETREFFENDE DIE TOEKENNING VAN DIE "SAW-KAMPIOENSKUTMEDALJE"

ONTWERP EN DRA VAN MEDALJE

REËL 1

Die SAW-kampioenskutmedalje word uit silwer geslaan in die vorm van 'n vyfpuntige kasteel omlys deur 'n sirkelvormige krans van proteablare en blomme met 'n deursnee van 38 millimeter, alles in silwer, met op die voorkant 'n sirkel met 'n deursnee van 30 millimeter, daarbinne twee gekruiste gewere oor 'n ronde teiken teen 'n agtergrond van 'n skietbaan met vier skywe aan 'n heuwelvoet en daaronder die woorde "SAW-kampioenskutmedalje—SADF Champion Shot Medal" alles in relief. Op die keersy is die versierde Wapen van die Republiek van Suid-Afrika in relief.

REËL 2

Die gespe wat ooreenkomstig regulasie 1 (3) toegeken word, word uit silwer geslaan en is 32 millimeter lank en 6 millimeter breed met 'n sirkelvormige silwerknoop in die middel daarvan waarop die jaartal van die toekenning van die gespe gegraveer is.

REËL 3

Die medalje, wat aan die linkerkant van die bors gedra word, hang aan 'n silwergespe met proteablare geheg aan 'n oranje sylint 32 millimeter breed, omrand deur twee vertikale hemelsblou strepe elk 6,4 millimeter breed met 'n vertikale donkerblou streep 6,4 millimeter breed in die middel.

REËL 4

Die gespe word horisontaal op die lint gedra en wanneer die lint alleen gedra word, word 'n sirkelvormige silwerknoop waarop die jaartal van die toekenning van die gespe gegraveer is, in die middel daarvan aangeheg om die toekenning van die gespe aan te dui.

REËL 5

Die Bevelskrif gedateer die 20ste dag van Januarie 1965 betreffende die "Kommandant-generaalsmedalje" word hierby herroep sonder om afbreuk te doen aan enigiets wat regtens daarkragtens gedoen is.

## PROCLAMATIONS

*by the State President of the Republic of South Africa*

No. R. 238, 1975

COMING INTO OPERATION OF PROCLAMATION R. 95 OF 1975

Under and by virtue of the powers vested in me by the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), I hereby determine 1 November 1975 as the date on which Proclamation R. 95 of 1975 shall come into operation.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Seventh day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

No. R. 239, 1975

DISTRICTS OF GLEN GREY AND HERSCHEL.—CONTINUATION OF EXISTING LAWS

Whereas the Districts of Glen Grey and Herschel are to be excised from the area of the Ciskeian Legislative Assembly with effect from 1 November 1975;

## PROKLAMASIES

*van die Staatspresident van die Republiek van Suid-Afrika*

No. R. 238, 1975

INWERKINGTREDING VAN PROKLAMASIE R. 95 VAN 1975

Kragtens die bevoegdheid my verleen by die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), bepaal ek hierby 1 November 1975 as die datum waarop Proklamasie R. 95 van 1975 in werking tree.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

No. R. 239, 1975

DISTRIKTE GLEN GREY EN HERSCHEL.—VOORTBESTAAN VAN BESTAANDE WETTE

Nademaal die distrikte Glen Grey en Herschel met ingang van 1 November 1975 uit die gebied van die Ciskeise Wetgewende Vergadering uitgesny gaan word;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



And whereas it is deemed expedient for the continuation of the effective administration of the said two districts that laws in force therein on 31 October 1975 remain in force;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 25 of the Bantu Administration Act, 1927 (Act 38 of 1927), read with section 21 (1) of the Bantu Trust and Land Act, 1936 (Act 18 of 1936), I hereby declare as follows:

1. (a) That laws in force in the Districts of Glen Grey and Herschel on 31 October 1975 in terms of or by virtue of the provisions of sections 3, 21 and 30 of the Bantu Homelands Constitution Act, 1971 (Act 21 of 1971), shall remain in force until repealed or amended by the competent authority; and

(b) that the administrative control, all rights, powers, authorities, duties, obligations and functions vesting, on 31 October 1975, in the Cabinet or a Minister of the Ciskei or any other person or body in the Ciskei in terms of or by virtue of the provisions of the said sections 3, 21 and 30 of the said Bantu Homelands Constitution Act, 1971, shall, with effect from 1 November 1975, in the case of the Cabinet of the Ciskei, be vested in the State President and in the case of a Minister or any other person or body in the Ciskei, be vested in the Minister of Bantu Administration and Development.

2. That notwithstanding the foregoing provisions the Minister of Bantu Administration and Development may designate any officer of the Department of Bantu Administration and Development or, with the approval of the head of any other State Department or Provincial Administration concerned, designate any officer of such Department or Provincial Administration to exercise any power or to carry out any duty or function referred to in paragraph 1.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Seventh day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

M. C. BOTHA.

---

No. R. 240, 1975

ELECTION OF MEMBERS OF THE LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY.—FIXING OF DATE OF ELECTION

Whereas the seat of an elected member of the Lebowa Legislative Assembly in respect of each of the Electoral Divisions of Bolobedu and Moutse has become vacant;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 38 of the Lebowa Election Proclamation, 1972 (Proclamation R. 226 of 1972), read with sections 9 (2), 3 (2) (b) and 7 (2) of the Lebowa Constitution Proclamation, 1972 (Proclamation R. 225 of 1972), I hereby determine that, if a poll is to be held in terms of section 10 (c) of the said Proclamation R. 226 of 1972, an election of a member of the Lebowa Legislative Assembly in respect of each of the Electoral Divisions of Bolobedu and Moutse shall be held on Friday, the 16th day of January 1976.

Given under my Hand and the Seal of the Republic of South Africa at Pretoria this Thirteenth day of October, One thousand Nine hundred and Seventy-five.

N. DIEDERICHS, State President.

By Order of the State President-in-Council:

(File R207/7/3)

M. C. BOTHA.

---

En nademaal dit dienstig geag word vir die voortbestaan van die effektiewe administrasie van genoemde twee distrikte dat wette daarin van krag op 31 Oktober 1975, van krag bly;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 25 van die Bantoe-administrasie Wet, 1927 (Wet 38 van 1927), gelees met artikel 21 (1) van die Bantoetrust en -grond Wet, 1936 (Wet 18 van 1936), hierby soos volg verklaar:

1. (a) Dat wette wat ingevolge of kragtens die bepaling van artikels 3, 21 en 30 van die Grondwet van die Bantoetuislande, 1971 (Wet 21 van 1971), op 31 Oktober 1975 van krag is in die distrikte Glen Grey en Herschel van krag bly totdat dit deur die bevoegde gesag herroep of gewysig word; en

(b) dat die administratiewe beheer, alle regte, bevoegdhede, gesag, pligte, verpligtings en werksaamhede wat op 31 Oktober 1975 ingevolge of kragtens die bepalings van genoemde artikels 3, 21 en 30 van genoemde Grondwet van die Bantoetuislande, 1971, in die Kabinet of 'n Minister van die Ciskei of enige ander persoon of liggaam in die Ciskei berus, met ingang van 1 November 1975, in die geval van die Kabinet van die Ciskei, in die Staatspresident sal berus en in die geval van 'n Minister of enige ander persoon of liggaam in die Ciskei, in die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling sal berus.

2. Dat nieteenstaande die voorafgaande bepalings kan die Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling enige beampte van die Departement van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling of, met die goedkeuring van die hoof van enige ander betrokke Staatsdepartement of Provinsiale Administrasie, enige beampte van sodanige Departement of Provinsiale Administrasie aanwys om enige bevoegdheid of om enige plig of werksaamheid waarna in paragraaf 1 verwys is uit te oefen of te verrig.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Sewende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

M. C. BOTHA.

---

No. R. 240, 1975

VERKIESING VAN LEDE VAN DIE LEBOWA-WETGEWENDE VERGADERING. — BEPALING VAN DATUM VAN VERKIESING

Nademaal die setel van 'n verkose lid van die Lebowa-Wetgewende Vergadering ten opsigte van elk van die kiesafdelings Bolobedu en Moutse vakant geraak het;

So is dit dat ek, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 38 van die Lebowa-verkiesingsproklamasie, 1972 (Proklamasie R. 226 van 1972), gelees met artikels 9 (2), 3 (2) (b) en 7 (2) van die Lebowa-grondwetproklamasie, 1972 (Proklamasie R. 225 van 1972), hierby bepaal dat, indien 'n stemming ingevolge artikel 10 (c) van genoemde Proklamasie R. 226 van 1972 gehou moet word, 'n verkiesing van 'n lid van die Lebowa- Wetgewende Vergadering ten opsigte van elk van die kiesafdelings Bolobedu en Moutse op Vrydag, die 16de dag van Januarie 1976, gehou moet word.

Gegee onder my Hand en die Seël van die Republiek van Suid-Afrika te Pretoria, op hede die Dertiende dag van Oktober Eenduisend Negehonderd Vyf-en-sewentig.

N. DIEDERICHS, Staatspresident.

Op las van die Staatspresident-in-rade:

(Lêer R207/7/3)

M. C. BOTHA.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

No. R. 1967 17 October 1975

REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF OATS.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), further amended the regulations published by Government Notice R. 1635 of 15 September 1972, as amended, in the manner set out in the Schedule hereto.

SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 1635 of 15 September 1972, as amended, is hereby further amended by the substitution for subregulation (1) of regulation 6 of the following subregulation:

"(1) *Taking of samples.*

Samples for the purpose of determining the grade of oats shall be taken by one of the three methods prescribed below: Provided that a producer and the Board retain the right that, in the case of methods (b) and (c), the samples shall be taken after the oats have been cleaned:

(a) *Oats purchased and sold in bags.*

Samples for the purpose of testing oats in bags shall be obtained by the taking of small quantities of oats from each bag by means of a grain probe, different levels in the bag being probed. The probe must in each case be pushed deeply into the bag and towards the centre of the bag. If the oats from all the bags together are found to be generally of the same quality, the samples from all the bags are thrown together into a pan. The grade is then determined from the sample in the pan after the oats in the pan have been mixed thoroughly. Any bags containing oats differing from the oats in the other bags must be placed aside and graded separately.

(b) *Oats purchased sold in bulk.*

Samples for the purpose of testing oats in bulk shall be obtained by taking small quantities of oats at five or more places well distributed, from the bulk carrier, with a double-tube probe of suitable length. The probe shall be inserted into the grain at an angle of about 10 degrees from the vertical line, with the slots. closed. The probe must be pushed as deeply as possible into the grain and opened while the slots are facing upward. While the slots remain open the probe shall be moved up and down in a few quick short motions. The probe shall then be closed and withdrawn. All the samples obtained with the probe are thrown together in a pan and after it has been mixed thoroughly, the grade of the sample in the pan is determined.

In the event of the above sampling procedure not being possible because of local physical conditions, the samples may be taken in the most practical manner so as to assure their being representative.

(c) *Oats delivered in bags intended to be purchased and sold on a bulk basis.*

Samples for the purpose of testing oats delivered in bags but which are purchased on the basis of bulk oats shall be obtained by the taking of small quanities of oats by means of a grain probe from each bag. The probe must in all cases be pushed deeply into and towards the centre of the bag. The samples from all the bags of

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

No. R. 1967 17 Oktober 1975

REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN HAWER.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1635 van 15 September 1972, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R. 1635 van 15 September 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subregulasie (1) van regulasie 6 deur die volgende subregulasie te vervang:

"(1) *Monsterneming.*

Monsters vir die bepaling van die graad van hawer word geneem volgens een van onderstaande drie metodes: Met dien verstande dat 'n produsent en die Raad die reg voorbehou dat, in die geval van metodes (b) en (c), monsterneming moet geskied nadat die hawer skoongemaak is:

(a) *Hawer wat in sakke gekoop en verkoop word.*

Monsters vir die toets van hawer in sakke word verkry deur klein hoeveelhede hawer op verskillende hoogtes met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in elke geval diep en na die middel van die sak ingesteek word. As daar gevind word dat die hawer van al die sakke saam, oor die algemeen van dieselfde kwalititeit is, word die monsters van al die sakke saam in 'n pan gegooi. Die graad van die monster in die pan word dan bepaal nadat die hawer in die pan deeglik gemeng is. Sakke waarvan die hawer in enige opsig van die hawer in ander sakke verskil, word opsy gesit en afsonderlik gegradeer.

(b) *Hawer wat in losmaat gekoop en verkoop word.*

Monsters vir die toets van hawer in losmaat word verkry deur klein hoeveelhede hawer met 'n dubbelbuissteker, van geskikte lengte, op vyf of meer plekke en so verspreid as moontlik, uit die losmaathouer te neem. Die steker moet met 'n hoek van nagenoeg 10 grade met die vertikale lyn in die graan gesteek word met die steker openinge gesluit. Die steker moet so diep as moontlik in die graan gesteek en oopgemaak word wanneer die openinge na bo wys. Met die openinge in 'n oop posisie moet die steker met 'n paar kort vinnige op en af bewegings beweeg word waarna die openinge gesluit en die steker verwyder word. Al die monsters wat met die steker verkry is word saam in 'n pan gegooi en nadat dit deeglik gemeng is, word die graad van die monster in die pan bepaal.

In die geval waar monsterneming volgens bostaande prosedure nie moontlik is nie vanweë fisiese toestande plaaslik, kan monsters op die mees praktiese wyse, wat sal verseker dat die monsters verteenwoordig is, geneem word.

(c) *Hawer wat in sakke gelewer word en wat bestem is om op 'n losmaatbasis gekoop en verkoop te word.*

Monsters vir die toets van hawer wat op 'n losmaatbasis aangekoop word maar in sakke gelewer word, word verkry deur 'n klein hoeveelheid hawer met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in elke geval diep en na die middel van die sak ingesteek word. Die monsters van al die sakke waarvan die hawer nie Ondergraad

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



which the oats are not Undergrade are thrown together into a pan and after it has been mixed thoroughly, the grade from the sample in the pan is determined.".

No. R. 1968 17 October 1975

## REGULATIONS RELATING TO THE GRADING AND PACKING OF BARLEY.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has, under the powers vested in him by section 89 of the Marketing Act, 1968 (No. 59 of 1968), further amended the regulations published by Government Notice R. 1636 of 15 September 1972, as amended, in the manner set out in the Schedule hereto.

### SCHEDULE

The Schedule to Government Notice R. 1636 of 15 September 1972, as amended, is hereby further amended by the substitution for subregulation (1) of regulation 9 for the following subregulation:

"(1) *Taking of samples.*

Samples for the purpose of determining the class and grade of barley shall be obtained by one of the three methods prescribed below: Provided that a producer and the Board retain the right that, in the case of methods (b) and (c), the samples shall be taken after the barley has been cleaned:

(a) *Barley purchased and sold in bags.*

Samples for the purpose of testing barley in bags shall be obtained by the taking of small quantities of barley from each bag by means of a grain probe, different levels in the bag being probed. The probe must in all cases be pushed deeply into and towards the centre of the bag. If the barley from all the bags together is found to be generally of the same class and quality, the samples from all the bags are thrown together into a pan. The class and grade are then determined from the sample in the pan after the barley in the pan has been mixed thoroughly. Any bags containing barley differing from the barley in the other bags must be placed aside and graded separately.

(b) *Barley purchased and sold in bulk.*

Samples for the purpose of testing barley in bulk shall be obtained by taking small quantities of barley at five or more places well distributed, from the bulk carrier with a double-tube probe of suitable length. The probe shall be inserted into the grain at an angle of about 10 degrees from the vertical line with the slots closed. The probe must be pushed as deeply as possible into the grain and opened while the slots are facing upward. While the slots remain open the probe shall be moved up and down in a few quick short motions. The probe shall then be closed and withdrawn. All the samples obtained with the probe are thrown together in a pan and after it has been mixed thoroughly, the class and grade from the sample in the pan, is determined.

In the event that the above sampling procedure is not possible because of local physical conditions the samples may be taken in the most practical manner so as to assure their being representative.

(c) *Barley delivered in bags intended to be purchased and sold on a bulk basis.*

Samples for the purpose of testing barley delivered in bags but which is purchased on the basis of bulk barley shall be obtained by the taking of small quantities of barley by means of a grain probe from each bag. The probe must in all cases be pushed deeply into and towards the centre of the bag. The samples from all the bags of which the barley is not Undergrade are thrown together into a pan and after it has been mixed thoroughly, the class and grade from the sample in the pan, is determined.".

is nie, word saam in 'n pan gegooi en nadat dit deeglik gemeng is word die graad van die monster in die pan bepaal.".

No. R. 1968 17 Oktober 1975

## REGULASIES MET BETREKKING TOT DIE GRADERING EN VERPAKKING VAN GARS.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het, kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (No. 59 van 1968), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1636 van 15 September 1972, soos gewysig, verder gewysig soos in die Bylae hiervan uiteengesit.

### BYLAE

Die Bylae van Goewermentskennisgewing R 1636 van 15 September 1972, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subregulasie (1) van regulasie 9 deur die volgende subregulasies te vervang:

"(1) *Monsterneming.*

Monsters vir die bepaling van die klas en graad van gars word geneem volgens een van onderstaande drie metodes: Met dien verstande dat 'n produsent en die Raad die reg voorbehou dat, in die geval van metodes (b) en (c), monsterneming moet geskied nadat die gars skoongemaak is:

(a) *Gars wat in sakke gekoop en verkoop word.*

Monsters vir die toets van gars in sakke word verkry deur klein hoeveelhede gars op verskillende hoogtes met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in elke geval diep en na die middel van die sak ingesteek word. As daar gevind word dat die gars van al die sakke saam, oor die algemeen van dieselfde klas en kwaliteit is, word die monsters van al die sakke saam in 'n pan gegooi. Die klas en graad van die monster in die pan word dan bepaal nadat die gars in die pan deeglik gemeng is. Sakke waarvan die gars in enige opsig van die gars in ander sakke verskil, word opsy gesit en afsonderlik gegradeer.

(b) *Gars wat in losmaat gekoop en verkoop word.*

Monsters vir die toets van gars in losmaat word verkry deur klein hoeveelhede gars met 'n dubbelbuissteker van geskikte lengte op vyf of meer plekke en so verspreid as moontlik, uit die losmaathouer te neem. Die steker moet met 'n hoek van nagenoeg 10 grade met die vertikale lyn in die graan gesteek word met die steker openinge gesluit. Die steker moet so diep as moontlik in die graan gesteek en oopgemaak word wanneer die openinge na bo wys. Met die openinge in 'n oop posisie moet die steker met 'n paar kort vinnige op en af bewegings, beweeg word waarna die openinge gesluit en die steker verwyder word. Al die monsters wat met die steker verkry is word saam in 'n pan gegooi en nadat dit deeglik gemeng is word die klas en graad van die monster in die pan bepaal.

In die geval waar monsterneming volgens bostaande prosedure nie moontlik is nie vanweë fisiese toestande plaaslik, kan monsters op die mees praktiese wyse, wat sal verseker dat die monster verteenwoordigend is, geneem word.

(c) *Gars wat in sakke gelewer word en wat bestem is om op 'n losmaatbasis gekoop en verkoop te word.*

Monsters vir die toets van gars wat op 'n losmaatbasis aangekoop word maar in sakke gelewer word, word verkry deur 'n klein hoeveelheid gars met 'n steker uit elke sak te neem. Die steker moet in elke geval diep en na die middel van die sak ingesteek word. Die monsters van al die sakke waarvan die gars nie Ondergraad is nie, word saam in 'n pan gegooi en nadat dit deeglik gemeng is, word die klas en graad van die monster in die pan bepaal.".

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## DEPARTMENT OF BANTU ADMINISTRATION AND DEVELOPMENT

No. R. 1970 17 October 1975

ELECTION OF MEMBERS OF THE LEBOWA LEGISLATIVE ASSEMBLY.—FIXING OF DAY AND PLACE OF NOMINATION COURTS AND HOURS OF POLLING

Whereas the seat of an elected member of the Lebowa Legislative Assembly in respect of the Electoral Division of Bolobedu and the seat of an elected member of the Lebowa Legislative Assembly in respect of the Electoral Division of Moutse have become vacant;

Now, therefore, under and by virtue of the powers vested in me by section 8 (1) (a), (b) and (c) of the Lebowa Election Proclamation, 1972 (Proclamation R. 226 of 1972), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby determine—

(a) Wednesday, the 12th day of November 1975, as the day on which nomination courts shall sit to receive nominations of candidates for election as members of the Lebowa Legislative Assembly in respect of the Electoral Divisions of Bolobedu and Moutse;

(b) that the nomination courts shall sit at the Magistrates' Offices at Bolobedu and Moutse; and

(c) that, if a poll is to be held in terms of section 10 (c) of the said Proclamation R. 226 of 1972 polling shall commence at 7 o'clock in the forenoon and shall close at 9 o'clock in the afternoon in the polling districts where there will be more than one polling station and during office hours in the polling districts where there will be only one polling station at the office of the returning officer.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

(File R207/7/3)

## DEPARTEMENT VAN BANTOE-ADMINISTRASIE EN -ONTWIKKELING

No. R. 1970 17 Oktober 1975

VERKIESING VAN LEDE VAN DIE LEBOWA-WETGEWENDE VERGADERING. — BEPALING VAN DAG EN PLEK VAN NOMINASIEHOWE EN URE VAN STEMMING

Nademaal die setel van 'n verkose lid van die Lebowa-Wetgewende Vergadering ten opsigte van die kiesafdeling Bolobedu en die setel van 'n verkose lid van die Lebowa-Wetgewende Vergadering ten opsigte van die kiesafdeling Moutse vakant geraak het;

So is dit dat ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 8 (1) (a), (b) en (c) van die Lebowa-verkiesingsproklamasie, 1972 (Proklamasie R. 226 van 1972), hierby—

(a) Woensdag, die 12de dag van November 1975, bepaal as die dag waarop nominasiehowe sitting sal hou om nominasies te ontvang van kandidate vir verkiesing tot lede van die Lebowa Wetgewende Vergadering ten opsigte van die kiesafdelings Bolobedu en Moutse;

(b) bepaal dat die nominasiehowe sitting sal hou by die Magistraatskantore te Bolobedu en Moutse; en

(c) bepaal dat, indien 'n stemming ingevolge artikel 10 (c) van genoemde Proklamasie R. 226 van 1972 moet plaasvind, die stemming om 7-uur in die voormiddag moet begin en om 9-uur in die namiddag moet eindig in die stemdistrikte waar daar meer as een stemburo ingestel word en gedurende kantoorure in die stemdistrikte waar daar net by die kiesbeampte se kantoor 'n stemburo ingestel word.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

(Lêer R207/7/3)

No. R. 1987 17 October 1975

REGULATIONS.—BOPHUTHATSWANA NATIONAL DEVELOPMENT CORPORATION LIMITED

Under and by virtue of the powers vested in me by section 26 of the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968), I, Michiel Coenraad Botha, Minister of Bantu Administration and Development, hereby make the regulations contained in the Schedule hereto in respect of the Bophuthatswana National Development Corporation Limited, established by Proclamation R. 172 of 1975.

M. C. BOTHA, Minister of Bantu Administration and Development.

SCHEDULE

*Definitions*

1. In these regulations, unless the context otherwise indicates, any expression to which a meaning has been assigned in the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968), shall bear the meaning so assigned thereto, and—

"Act" means the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968);

"auditor" means the person appointed in terms of section 21 (2) of the Act to audit the accounts of the Corporation;

"Board" means the board of directors of the Corporation, appointed in terms of section 9 of the Act;

"Corporation" means the Bophuthatswana National Development Corporation Limited, established by Proclamation R. 172 of 1975;

No. R. 1987 17 Oktober 1975

REGULASIES.—BOPHUTHATSWANA- NASIONALE ONTWIKKELINGSKORPORASIE BEPERK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 26 van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968), vaardig ek, Michiel Coenraad Botha, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling, hierby die regulasies vervat in die Bylae hiervan uit ten opsigte van die Bophuthatswana- Nasionale Ontwikkelingskorporasie Beperk, ingestel by Proklamasie R. 172 van 1975.

M. C. BOTHA, Minister van Bantoe-administrasie en -ontwikkeling.

BYLAE

*Woordomskrywing*

1. In hierdie regulasies, tensy uit die samehang anders blyk, het 'n uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968), geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en beteken—

"direkteur" 'n direkteur van die Korporasie ingevolge artikel 9 van die Wet aangestel;

"Korporasie" die Bophuthatswana- Nasionale Ontwikkelingskorporasie Beperk wat by Proklamasie R. 172 van 1975 ingestel is;

"ouditeur" die persoon wat ingevolge artikel 21 (2) van die Wet benoem is om die rekeninge van die Korporasie te ouditeer;

"Raad" die raad van direkteure van die Korporasie ingevolge artikel 9 van die Wet aangestel;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"director" means a director of the Corporation, appointed in terms of section 9 of the Act;

"secretary" means the person appointed by the Board to perform the duties of secretary.

*Head office*

2. The head office of the Corporation shall be situated in Ga-Rankuwa until such time as the Minister after consultation with the Corporation determines otherwise.

*Financial year*

3. The financial year of the Corporation shall end on 31 March of each year.

*Matters to be submitted to the Trustee for decision*

4. The Board shall submit to the Trustee for decision—

(a) any matter which the Trustee is required in terms of the Act to decide upon, approve or determine;

(b) any matter which the Trustee may in terms of section 24 of the Act require the Board to submit to him;

(c) any matter arising from the operation of the Act or these regulations or the exercise by the Board of its powers or the performance of its duties which it is deemed expedient to submit to the Trustee.

*Procedure to be followed to obtain the Trustee's decision*

5. Any matter submitted to the Trustee in terms of regulation 4—

(a) shall be submitted to the Minister, unless the Minister determines otherwise;

(b) shall be in writing;

(c) shall, if it is not a copy of a resolution by the Board or an extract from the minutes of a meeting of the Board, duly certified by the chairman and the secretary, be accompanied by a resolution of the Board which shall be certified as such and which shall contain a recommendation by or the views of the Board; and

(d) shall, if any director so desires, be accompanied by a separate report by such director:

Provided that the Minister may direct that any particular matter shall be submitted in such other manner as he may deem fit.

*Conditions attaching to office of director*

6. The period of office of the directors and of the chairman of the Board and the remuneration of a director shall be as determined by the Trustee in terms of section 13 of the Act.

7. A director shall be compensated on a basis as determined by the Board for all travelling and other expenses necessarily incurred in connection with the business of the Corporation and attendance at meetings of the Board.

8. The office of a director shall be deemed to have been vacated—

(a) upon the death of such director; or

(b) upon the expiration of his period of office; or

(c) upon receipt by the Board of his resignation as a director, provided that he shall have given 30 days' notice, in writing, to the Board of his intention to resign and provided further that such resignation is accepted by the Board; or

"sekretaris" die persoon deur die Raad aangestel om die pligte van sekretaris te vervul;

"Wet" die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968).

*Hoofkantoor*

2. Die hoofkantoor van die Korporasie is in Ga-Rankuwa geleë tot tyd en wyl die Minister na oorleg met die Korporasie anders bepaal.

*Boekjaar*

3. Die boekjaar van die Korporasie eindig op 31 Maart van elke jaar.

*Aangeleenthede wat aan die Trustee vir beslissing voorgelê moet word*

4. Die Raad lê die volgende aan die Trustee vir sy beslissing voor:

(a) Enige aangeleentheid waaroor die Trustee moet beslis of wat hy moet goedkeur of bepaal, ingevolge die Wet;

(b) enige aangeleentheid wat die Raad aan die Trustee moet voorlê indien die Trustee dit ingevolge artikel 24 van die Wet vereis;

(c) enige aangeleentheid wat uit die toepassing van die Wet of hierdie regulasies of die uitoefening, deur die Raad, van sy bevoegdhede of die vervulling van sy pligte voortspruit en waarvan voorlegging aan die Trustee dienstig geag word.

*Prosedure wat gevolg moet word om Trustee se beslissing te verkry*

5. Enige aangeleentheid wat ingevolge regulasie 4 aan die Trustee voorgelê word—

(a) moet aan die Minister voorgelê word, tensy die Minister anders bepaal;

(b) moet skriftelik voorgelê word;

(c) moet, indien dit nie 'n afskrif is nie van 'n besluit van die Raad of 'n uittreksel uit die notule van 'n vergadering van die Raad, behoorlik deur die voorsitter en die sekretaris gesertifiseer, vergesel gaan van 'n besluit van die Raad wat as sodanig gesertifiseer moet wees en wat 'n aanbeveling deur of die sienswyse van die Raad moet bevat; en

(d) moet, indien 'n direkteur dit verlang, vergesel gaan van 'n afsonderlike verslag deur sodanige direkteur:

Met dien verstande dat die Minister kan gelas dat enige bepaalde aangeleentheid voorgelê moet word op 'n ander wyse wat hy goed ag.

*Voorwaardes verbonde aan amp van direkteur*

6. Die ampstermyn van die direkteure en van die voorsitter van die Raad en besoldiging van 'n direkteur is soos deur die Trustee ingevolge artikel 13 van die Wet bepaal.

7. 'n Direkteur ontvang, volgens 'n grondslag deur die Raad bepaal, vergoeding vir alle reis- en ander koste noodsaaklikerwys aangegaan in verband met die sake van die Korporasie en die bywoning van vergaderings van die Raad.

8. Die amp van 'n direkteur word geag ontruim te wees—

(a) by die afsterwe van sodanige direkteur; of

(b) by verstryking van sy ampstermyn; of

(c) wanneer die Raad sy bedanking as direkteur ontvang, mits hy 30 dae skriftelik kennis aan die Raad gegee het van sy voorneme om te bedank en verder mits die Raad sodanige bedanking aanvaar; of

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(d) if for a period of six consecutive months he fails, without leave of absence having been granted by the Board, to attend the meetings of the Board unless he is absent in connection with the business of the Corporation; or

(e) if he is subject to an order of court declaring him to be of unsound mind or mentally ill or is lawfully detained as mentally ill under the Mental Health Act, 1973 (Act 18 of 1973); or

(f) if he becomes insolvent or assigns his estate for the benefit of or compounds with his creditors; or

(g) if he is directly or indirectly concerned in any contract with the Corporation or shares in the profits of any contract with the Corporation: Provided that he shall not vacate his office if he has informed the Board of the nature and extent of his interest in such contract and he does not vote in respect of such contract or any matter arising therefrom.

*Powers and duties of directors*

9. It shall be competent for the Board at a duly constituted meeting, at which a quorum is present, to exercise and perform all or any of the powers and duties under the Act or these regulations which for the time being are vested in or may be exercised or performed by the Corporation.

10. A resolution, in writing, signed by all the directors, shall have the same force and effect as a resolution adopted at a duly convened and constituted meeting of the Board.

11. (1) The Board may enter into an agreement with the investment corporation that the investment corporation make available officers and employees to the Corporation on the conditions which apply to personnel of the investment corporation.

(2) The Board may from time to time entrust to or confer upon any officer or employee of the Corporation or any officer or employee made available to the Corporation in terms of subregulation (1) such duties or powers as the Board may deem desirable or necessary to be exercised or performed for any particular object or purpose and upon such terms and conditions and with such restrictions or reservations as the Board may deem expedient, and may add to, vary or revoke all or any of such powers or duties.

12. (1) The Board may, in its discretion, appoint a committee consisting of such director or directors as it may designate to exercise such powers or perform such duties on behalf of the Corporation as the Board may deem desirable or expedient.

(2) Any committee appointed in terms of subregulation (1) shall in the exercise of its powers or the performance of its duties conform and adhere to such rules, terms and conditions as the Board may from time to time determine and shall record its acts and proceedings in the same manner as is required of the Board.

*Quorum and procedure at meetings of the Board*

13. The quorum required for the transaction of the business of the Board shall be a majority of the serving directors.

14. As far as practicable meetings of the Board shall be held monthly, but not fewer than six meetings a year shall be held: Provided that the secretary shall at the request of any director at any time convene a meeting of the Board.

15. The Board shall appoint the time and place for its meetings, and may meet for the dispatch of business, adjourn and otherwise regulate its meetings as it may deem fit.

(d) indien hy vir 'n tydperk van ses agtereenvolgende maande versuim, sonder dat die Raad afwesigheidsverlof toegestaan het, om die vergaderings van die Raad by te woon tensy hy in verband met die sake van die Korporasie afwesig is; of

(e) indien hy onderworpe is aan 'n hofbevel wat hom kranksinnig of geestesongesteld verklaar, of indien hy wettiglik kragtens die Wet op Geestesgesondheid, 1973 (Wet 18 van 1973), as geestesongesteld aangehou word; of

(f) indien hy insolvent raak of van sy boedel afstand doen ten voordele van of 'n akkoord tref met sy krediteure; of

